I n memoriam: J uf. D ilene B rink

Ons skoolhoof, mnr. Johan Scheepers het namens die Bakies by Juf Dilene Brink se gedenkdiens vroeër vanjaar hulde aan haar gebring. Hier volg 'n verkorte weergawe daarvan:

" Vir my is vandag soos 'n hartseermuur wat deur die tuin van Dilene se <u>lewenstuin</u> gebou is: haar <u>huistuin</u> en haar <u>skooltuin</u>. Dilene se lewenstuin was haar trots. Sy het dikwels tussen ons gepraat oor André, Michelle en ook ander familie.

Die damespersoneel het uitgesien om met Dilene te kuier, weens die lewenswaardes wat Dilene uitgeleef het. Dilene het die personeel ook maklik na haar huis genooi waar sy hulle vriendelik onthaal het. In Dilene se tuin het sy altyd liefde uitgestraal, liefde wat almal na haar aangetrek het. Dilene het nie wrokke in haar hart gehad nie. Die leerders, personeel en ouers het dit geweet.

Vir die leerders het sy altyd 'n sagte word gehad, altyd weer gehelp, altyd weer 'n kans gegee en vir hul opgekom. Dilene was hul sielsgenoot, vol uitdagings, hulp en het vir elkeen 'n les gehad.

Die personeel het Dilene gesien as een van hul kollegas, 'n mede-onderwyser wat meedoënloos kon werk, eise aan veral haarself gestel het. Een wat mede-onderwysers kon help omdat sy in haar huistuin die veranderinge in die onderwys verwerk het en in haar laai kon giet wat sy kon beheer, kon deel, kon gee. Dilene was in meer opsigte as een 'n meester of laat ons soos in die ou tyd sê: ''n Meesteres.'



Dilene het gewerk op `n hoërvlak van skoolgee, Sy was `n droom-onderwyser wat elke hoof in sy skool sal wil hê.

Vir die publiek was dit dalk nie so sigbaar nie, maar sy was soos 'n vitamien vir die personeel se siele.

Dilene het altyd stil-stil haar werk vir bykans elke skoolfunksie definieër. Sy het altyd mooi gemaak vir revue's, sportbyeenkomste, funksies. Noem maar op!! Dilene was deeglik. Sy kon met skaars bronne spesiale effekte skep. Dilene was 'n kunstenaar in meer as een opsig.

Dilene was die laaste van onderwysers wat van Laerskool Wierdapark na Laerskool Bakenkop geloop het met die leerders en steeds by die skool was, sonder onderbreking. Dilene was deel van die geskiedenis van die skool vir 28 jaar.

Ek kan nog lank oor Dilene praat, oor haar as mens, as kollega, as ouer, as familiemens, as vriendin, as bondgenoot in die onderwys. Ook van Dilene die sportafrigter, die noodhelper, die kinders se voëltjie-juffrou. Maar die muur is in die middel van haar tuin deurgebou, haar tuin is aan vlarde – dit leef in mooi stukkies in elkeen se geheue.....

*Dilene, die Bakies groet jou met 'n traan en 'n glimlag, want jy was Dilene Brink, ons trots, **<u>ons</u>** juffrou Dilene! "*

2009-05-02

♥ *Brief van onderwyser-vriendin , Juf Mandi aan Juf Dilene:*

Woensdagmiddag kom ek kwart voor vier skooltoe vir 'n koor oefening. Jou pers motortjie staan nog in die parkeerterrein, kattebak wawyd-oop, vol bokse met skoolwerk gelaai. Jy kom aangestap, met nog twee bokse in jou hande. Jy lyk vir my moeg. Donderdagoggend in die personeelkamer is jy druk besig met reëlings vir die dag wat voorlê. Skielik bly jy stil... Ons wag dat jy aangaan. Ons besef skielik iets is fout. Jy sit agteroor en vat-vat met jou hand aan jou gesig. Die ambulans kom jou haal. Ons stap verslae klas toe, die kinders wag.

Ons mis jou lekker lag vir 'n stout sms, ons mis jou raakvat as dinge dol gaan, ons mis jou fyn manier van mooimaak by elke geleentheid wat die skool aanbied.

Ons mis die koekies-bring ritueel wat jy daar in die lawaai hoek van die personeelkamer begin het.

Ons mis die saam-kuier by jou huis. Ons mis jou opgewonde vertel as die maan, of 'n planet of ster iets "Weird and wonderful" gaan doen.

Liewe Dilene, ons mis jou

Dilene se kollegas het besluit om namens die Bakies 'n tuin by die skool aan Juf. Dilene op te dra ter nagedagte aan 'n wonderlike onderwyser, kollega en vriendin.